



Laerskool Mikroskool

MIKROSKOOP 2021

Geluk kom in golwe

Mikroskoop redaksie

Redaktrise:

Juf. Dalene Kirsten

Sub-redaktrise:

Juf. Kyla Orton

Verslaggewers:

Faith Boer
Robyn Bresler
Divan Burger
Gizela Conradie
Chelsea Cupido
Kaylee Greeff
Carla Hattingh
Christine Kingsley
Jean-Mari Kruger
Riané Louw
Janco Olivier
Nadia Olivier
Zea Plekker
Anché van der Merwe



UIT DIE KAPTEIN SE KIES

Wat was Meneer se grootste storm (uitdaging) wat Meneer tydens Covid-19 ervaar het?

My grootste uitdaging in die Covid-tyd was om aan die konstante veranderinge gewoon te raak. Ek hou daarvan om dinge vooruit te beplan en moes aanvaar dat reëlins gereeld en op kort kennisgewing kan verander. Dit was sonder twyfel die grootste storm wat ek moes trotseer, want dit maak beplanning moeilik en mense verstaan ook nie altyd hoekom sekere besluite geneem word nie.

Watter les sal Meneer graag wil hê elke leerder aan die einde van hul reis op die Mikro-skip moes geleer het?

Selfstandigheid. My grootste wens is dat Mikro-leerders wat die skool verlaat, vir hulself kan dink, self goeie besluite kan neem en self 'n verskil in die wêreld maak in die lewe na Mikro.

Dit is wel vir elke Mikro-leerder moontlik indien hy/sy elke geleentheid wat hierdie skool bied, aangryp.

Hoe het Meneer die afgelope paar jaar se seevaart op die Mikro-skip ervaar?

Die seevaart op die Mikro-skip het die afgelope 5 jaar elke jaar nuwe uitdagings gebied. Nie een jaar was dieselfde nie en veral in die afgelope twee jaar was dit vir my moeilik om die skip in die regte rigting te stuur met Covid wat dit bemoeilik het. Op die Mikro-skip het ek as skoolhoof geleer dat mense verskillende behoeftes het en dat daar na almal geluister moet word. Deur na mekaar te luister en saam na oplossings te soek, kom ons nader aan mekaar.

Dit was dus maar 'n onstuimige seevaart, maar gelukkig het ek baie hulp gehad om al die storms te kon weerstaan.

Hoe bly Meneer positief gedurende Covid-19?

Ek probeer om alle gebeure in die Covid-tyd in die regte perspektief te sien. Daar was nog nooit in ons leeftyd so 'n tydperk nie en daarom moet ons nie te hard op onself wees as ons sukkel om alles te hanteer nie. Sodoende kan ek positief bly deur net my beste te doen en wat ek glo tot voordeel van al die kinders in die skool is. Ek probeer healtyd die "groter prentjie" raaksien.

Wat is 'n groot uitdaging wat Meneer in 2022 wil verander of verbeter in die skool?

In die afgelope jaar en ses maande het Covid veroorsaak dat ons leerdergetalle weens verskillende redes gedaal het. Ek sal vanaf 2022 weer wil sien dat ons leerdergetalle geleidelik styg. Ek sal ook volgende jaar se 50-jarige vieringe van die skool as 'n basis wil gebruik om ons skool wyer te bemark. Wanneer sport- en kultuuraktiwiteite weer kan begin, sal ek wil hê dat soveel as moontlik leerders entoesiasies sal deelneem.



HOOFLEIERS 2021

Carla Hattingh - hoofdogter

Die oomblik toe juffrou Annarie Spreeth afgekondig het dat ek hoofmeisie is, het ek 'n gevoel gekry wat ek nie in woorde kan beskryf nie. As ek dit moet probeer verduidelik sal ek sê dat ek op dieselfde tyd verbaas en gelukkig was. Ek het ook besef dat daar, as 'n hoofmeisie, 'n paar storms na my kant toe sal kom, maar ek het gelukkig nog nie 'n storm ervaar wat ek nie met behulp van my leerderraad en die Here kon hanteer nie. Ek het ook 'n paar goeie vriendinne wat my elke dag aanmoedig en my herinner hoekom ek as hoofmeisie gekies is. As ek terugkyk na graad 1, sal ek met sekerheid kan sê dat ek vordering kan sien in my karakter wat ek die afgelope paar jaar ontwikkel het met behulp van onderwysers, vriendinne en my gesin. Laerskool Mikro het my baie lesse en waardes geleer. 'n Waarde wat ek vir altyd by my sal dra, is respek; respek vir my akademie, respek vir my familie en vriende, respek vir my sport en respek vir myself. 'n Herinnering wat ek nooit sal vergeet nie, is toe een van my vriende in ons graad 4-klas slym in sy kop gehad het en juffrou Annarie dit met Coke moes uithaal! Ek wil graag ook net elke Mikro-leerder herinner om groot te staan, al is jy hoe klein.



Giann du Toit - hoofseun

Aan die begin van 2021 was ons almal skrikkerig vir wat die jaar sou inhou. En toe ek hoor dat die graad 7's almal saam in die saal gaan klas hê, het ek geweet... hierdie jaar gaan een vir die boeke wees. Was dit nou lekker!

Ek het nou wel nie baie in lengte gegroei in die afgelope 8 jaar by Mikro nie, maar ek het wel myself leer ken en dit is my wens vir elkeen van julle. Leer ken jouself deur deel te neem, gryp elke geleentheid aan en klim uit jou "comfort zone". As jy rugby speel, gaan probeer ook so 'n bietjie tennis; as jy kan Wiskunde doen, kan jy ook skaak speel; en as daai meisie 'n lekker laggie het, gaan gesels met haar! Wees bewus van wat rondom jou aangaan, neem in, gaan uit en leer mekaar ken.

Dit was my doelwit hierdie jaar as hoofseun om te help om die Mikro-Magic gees op te bou, al was ons ingeperk en kon ons nie ons sportwedstryde en konsert hou nie. Ons het lekker "sports" gehad en nou, aan die einde, wil ek jul vra om hierdie aflosstokkie by my oor te neem. Gesels met mekaar, lag, maak grappe, ken mekaar en ken jou lig!



Dis heerlike lente in Gr. R



ONTMOET ONS TERREIN- EN KOMBUISPERSONEEL



Mnr. Ruan
Terreinbestuurder

Wanneer het Meneer by Mikro begin werk?

Ek het in 2013 rugby begin afrig by Mikro. In 2017 het ek vir 'n jaar in die sportkantoor gewerk, waarna ek die geleentheid gekry het om Terreinbestuurder by Mikro te word.

Wat is Meneer se gunsteling deel van die werk?

Ek is baie lief vir sport. So om by die beplanning en voorbereiding van groot sportaangeleenthede betrokke te wees, is my gunsteling.

Wat is die mees interessante ding wat al gebeur het tydens Meneer se tyd by Mikro?

Ek was een oggend baie vroeg by die skool en dit was donker. Ek het toe in my kantoor iets gehoor wat geklink het asof daar iets in my kas was. Toe ek die deur oopmaak is daar 'n duif wat oornag 'n nessie gebou het. Ek het omtrent geskrik, maar lekker gelag na die tyd.

- deur Riané Louw

Watter werk doen Oom alles by Laerskool Mikro? Alle nutsman werkies.

Wat doen Oom graag in Oom se vrye tyd? Visvang, swem, stap en herstelwerkies.

As Oom vir Oom met 'n stuk gereedskap moes vergelyk, wat sou dit wees en hoekom?

Ek sou myself vergelyk met 'n klamp, want solank as wat ek kan, sal ek alles bymekaar wil hou.

Oom hou mos van houtwerk? Het Oom enige raad vir die kinders van Mikro oor wat hulle moet doen as hulle goed is in iets?

[LOL] Sorg altyd vir plan B. Let wel as plan A nie werk nie, moenie opgee nie. Die volgende ding wat jy maak, lyk dalk beter.

- deur Divan Burger



Mnr. Kobus
Nutsman

Hoe lank werk Oom al by Laerskool Mikro? 21 jaar

Hoekom het Oom besluit om by Mikro te kom werk?

Ek het besluit om hier te kom werk, omdat ek gehoor het dat dit 'n baie goeie en netjiese skool is en dat die onderwysers en leerders baie vriendelik is.

Wat is Oom se droomwerk?

Ek wou 'n polisieman word.

Wat is Oom se gunsteling kleur?

Donkerblou.

- deur Jean-Mari Kruger



Bradley
Terreinwerker



ONTMOET ONS TERREIN- EN KOMBUISPERSONEEL



Andries
Terreinwerker

Watter jaar het Oom by Mikro begin werk?
Ek het in 2009 by Laerskool Mikro begin werk.


Wat is Oom se gunsteling deel van werk by Mikro?
Ek hou daarvan om die plek skoon te hou.

Het Oom enige stokperdjies?
My stokperdjie is visvang.

Geniet Oom dit om by Mikro te werk met al die kinders om Oom?
Ek geniet dit baie om met kinders rondom my te werk.

Wat is iets wat Oom nog baie graag in Oom se lewe wil doen?
Ek sal baie graag op 'n bootreis wil gaan.

- deur Gizela Conradie



Skets 'n prentjie van u agtergrond en waar u groot geword het?
Ek is gebore op 'n plaas in Stellenbosch en het daar skoolgegaan.

Watter van Mikro se waardes is vir u belangrik en hoekom?
Respek – Jy moet respek kan betoon teenoor ouer mense.
Omgee – Jy moet omgee vir jou medemens.

Hoe het die Covid-19 "storm" u werk beïnvloed?
Covid-19 het veroorsaak dat die skool vroeg moes sluit en dat ons werkers op 'n latere stadium moes begin werk.

Is daar enige motiveringsboodskap wat u graag aan die leerders wil oordra?
Wees behulpzaam
Wees oplettend
Lees baie en doen jou huiswerk

- deur Faith Boer



Gerrit
Terreinwerker

Hoe lank werk Oom al by Mikro?
Ek werk al vir 'n volle sewe jaar by Mikro.

Wat is Oom se droom vakansieplek?
My droom vakansieplek sal definitief "Montague Springs" moet wees.

Wat is Oom se gunsteling ding om te doen by Oom se werk?
Ek geniet dit vreeslik baie om skoon te maak, want ek is trots op ons pragtige skool.

Watter Mikro waarde ervaar Oom die meeste by Mikro-leerders?
Respek is die waarde wat ek daaglik die meeste ervaar vanaf beide die leerders en die personeel.

Wat is die ergste storm wat Oom al ervaar het?
Die ergste "storm" wat ek al ervaar het was definitief woeste reën wat gevolg is deur 'n oorstroming.

- deur Christine Kingsley



Johnny
Terreinwerker

ONTMOET ONS TERREIN- EN KOMBUISPERSONEEL



Dianne
Teedame

Waar het jy as kind groot geword?
Ek het as kind in Durbanville groot geword.

Wat het jou laat besluit om in die rigting te gaan?
Ek is lief vir kinders.

Wat sal jy vir niks in die lewe verruil nie?
Ek is baie lief vir my werk en sal dit nie ruil nie.

Het jy al ooit gereis, waarheen?
Ja, na Walvisbaai met die boot.

Hoe lank werk jy al by Laerskool Mikro?
Ek werk tans 22 jaar by die skool.

- deur Kaylee Greeff

Wanneer het jou loopbaan by Laerskool Mikro begin?
1 Januarie 2010

Wat het jou laat besluit dat jy by Laerskool Mikro wil aansluit?
Hulle het my gevra om vir 3 dae daar te werk, toe besluit ek om verder by Laerskool Mikro te werk.

Hoe beïnvloed jou werk by die skool jou daaglikse lewe?
Die werk hou my baie aktief.

Wat geniet jy die meeste by Laerskool Mikro?
Ek geniet my skoonmaak werk en om saam met die kinders te wees.

Wat is jou gunsteling stokperdjie om by die huis te doen?
Ek hou daarvan om kos te maak.

- deur Anche van der Merwe



Charmaine
Teedame



GRAAD 1

Kyk wie praat

⚓ **Hoekom het 'n boot 'n anker?** ⚓



Gr.1.1 - CHLOÉ WILLEMSE
Vir die "pirates".



Gr.1.2 - JAYDEN BOUWER
Om 'n vis te hak.



Gr.1.3 - TASNEEM ABRAHAMS
Sonder die anker gaan die
boot omdop.



Gr.1.4 - DIVAN STEENKAMP
Om vullis op te tel.



Wat was die Titanic?



Gr.1.1 - LUKAS MALAN
'n Groot boot, swart, wit
en rooi wat teen 'n
ysberg gegaan het.



Gr.1.2 - BEA LERM
'n Plant.



Gr.1.3 - ZANDER LOUW
'n Boot wat gesink het
a.g.v. ys in die see.



Gr.1.4 - TATIANA DE SOUSA
'n "Army" tenk

Hoekom is 'n lighuis rooi en wit?



Gr.1.1 - ELOISE MUIR
Om te sien waar die land
is dat hul nie in dit vasry
nie.



Gr.1.2 - CHRISTIAAN HATTINGH
Sodat die kleure kan skyn in
die aand.



Gr.1.3 - MADISON TAYLOR
Want daar is 'n alarm
binne-in.



Gr.1.4 - LOURENS DU PLESSIS
Sodat 'n boot nie teen dit
vasry nie.



MikroMark Makietie

Laerskool Mikro se leerders en ouers staan bekend daarvoor dat hul elke geleentheid met ywer en entoesiasme aanpak. Dus was dit géén verrassing toe die leerders en ouers "boots and all" ingespring het met die MikroMark reëlins nie.

Elke graad het 'n tema gekies vir hul markdag en dan al die leerders aangemoedig om toegangsgeld te betaal en volgens die spesifieke tema aan te trek.

Die **graad 2's** het weggespring met 'n Valentynstema. Almal was daardie dag in rooi getooi!

Die **graad 1's** het ons weggevoer na 'n Winter Wonderland, terwyl die **graad 7's** seker gemaak het dat alle eksamenstres vergete was na 'n koppie warm sjokolade.

En tóé kom die **graad 5's** en herinner ons met hul "Klasvakie" tema hoe lekker dit is om die hele dag in jou nagklere rond te loop!

Ons kon die lente ruik én proe toe die **graad 3's** smullekker eetgoed verkoop het.

Ons het 'n reis om die wêreld geneem met die **graad 4's** en die **graad 6'e** gaan die jaar behoorlik afsluit met 'n pretdag vol heerlike speletjies en plesier!

Dankie aan elke leerder, ouer en opvoeder wat op dié prettige wyse Mikro se beursie weer volmaak. Julle is staatmakers!

- deur Faith Boer en Gizela Conradie



Graad 2



Graad 7



Graad 1



Graad 5



Graad 3



Graad 4

Leerderraadprojekte

KWARTAAL 1

Opleidingssessie: Die leerderraad se eerste opleidingssessie het op 9 Maart 2021 plaasgevind en was deur Base Adventures op Mikro se skoolgronde aangebied. Die leerderraad het spangees en spanbou toegepas en meer daaroor geleer. Hulle het ook aan baie lekker aktiwiteite deelgeneem en geleer oor hoe belangrik eerlikheid is en hoe ver dit 'n mens in die lewe kan neem.

Omgewingsprojek: Op Donderdag, 22 April 2021 het die leerderraad na Zevenwacht dam toe gegaan en die omgewing skoner gemaak. Hulle het baie rommel en gemors opgetel en die rommel van daardie netjiese gebied verwyder.

Liefdadigheidsprojek: Komitee 1 van die Leerderraad het dit goedgevind om boeke in te samel en na Eikendal Primêr te neem. Hierdie projek het oor 'n tydperk van 3 weke gestrek en 'n groot totaal van 2276 boeke is ingesamel vir die skool. Die boeke was op Vrydag, 23 Mei by Eikendal Primêr afgelaai. Die leerderraad het een van Laerskool Mikro se waardes, naamlik MEDEDEELSAAMHEID, toegepas toe hulle hierdie liefdadigheidsprojek uitgevoer het.

KWARTAAL 3

Liefdadigheidsprojek: Saterdag, 4 September het die leerderraad 'n verfraaiingsprojek gedoen. Hulle het gehelp om die hoek van Diedrikkiestraat en Amandelrylaan mooi te maak. Daar was mooi plante en boompies geplant en hierdie tuin sal elke jaar deur die skool se leerderraad onderhou word.

- deur Robyn Brestler

KWARTAAL 2

Liefdadigheidsprojek: Komitee 2 van die leerderraad het dit goedgevind om skryfbehoeftes, oud of nuut, in te samel en aan 'n skool, Ruyterwacht Voorbereiding, te skenk. Hulle het die geleentheid vir baie kinders gegee om te kan skryf en plek te kan hê vir al hul skoolbehoeftes. Die skryfbehoeftes was op Vrydag, 6 Augustus by die skool afgelaai.


Opleidingssessie: In Mei het die leerderraad vir nog 'n opleidingssessie gegaan wat deur Base Adventures aangebied is by Bergkroon Kampterrein. Dit was 'n onvergeetlike naweek waar daar baie aksie plaasgevind het. Die leerderraad het dit baie geniet en aan spanbou gewerk sowel as respek, mededeelsaamheid en hoe om 'n baie goeie pot op die vuur te maak. Hulle het meer geleer oor die natuur en hoe om saam in 'n span te werk en ook om vir elkeen 'n regverdige kans te gee om 'n idee te gee. Laaste, maar nie die minste nie, het hulle ook geleer om hul verbeelding te gebruik en hoe om probleme op te los.



Ons vier die liefde



**JUF. THEALIZE &
ROBERT TROU
12 | 12 | 2020**




**JUF. ZANRI & MNR. RUAN
TROU BINNEKORT
11 | 12 | 2021**




**JUF. MARNÉ &
CARLO TROU
20 | 11 | 2021**



**MNR. SHAUN & SY JUF. DANE
RAAK VERLOOF
22 | 06 | 2021**



Babes by dosyne



Nina Anne Albertyn




Gebore: 11 - 08 - 21
Lengte: 51 cm
Gewig: 3.8 kg



Gebore: 25 - 08 - 21
Lengte: 50 cm
Gewig: 3.26 kg



**Ockert Gerbrand
Olivier**



**Lienke Esther
Visser**




Gebore: 12 - 11 - 21
Lengte: 50 cm
Gewig: 3.20 kg




Janru Orlandini

Klara kan nie
meer wag vir
sussie Lienke nie!





ROBOTIKA:



'N EERSTE VIR LAERSKOOLO MIKRO

WAT IS ROBOTIKA?

Robotika is stelsels, sisteme, programmatuur, hardeware en programmering wat saamwerk om sekere funksies te verrig. In die verlede is daar ook verwys na outomatisering van stelsels, wat stelsels sekere funksies op hul eie laat verrig. Die moderne robotika maak die mens se lewe gemakliker, maar dit is ook 'n baie belangrike hulpbron, bv. in die mediese wêreld word robotika gebruik om baie fyner, deegliker en meer akkurate werk te doen. Om 'n voorbeeld te noem, die Da Vinci Xi-robot.

Op laerskoolvlak is dit egter slegs daar om die leerders te stimuleer en belangstelling te kweek deur hulle eksperimente te laat doen met programmering ("coding", soos die Engelsman sal sê), waar leerders óf 'n hommeltuig óf 'n motortjie programmeer. Robotika hoef nie altyd iets te wees wat fisies beweeg of 'n aksie uitvoer nie, maar is eerder iets wat 'n reeks aksies outomaties uitvoer met vooraf bepaalde instruksies.

WATTER GRADE GAAN ROBOTIKA AS VAK NEEM?

Tans is dit nog nie verpligtend deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) nie, maar ons hier by Laerskool Mikro het inisiatief geneem en dit begin implementeer in ons S.T.E.M.-klas. Al die graad 4- tot 6-onderwysers het basiese opleiding daarin ontvang. Robotika word al by sommige skole selfs in die grondslagfase aangebied. Tans is die graad 6'e die pioniers op hierdie gebied. Vanaf 2022 sal graad 4 - 7 leerders deelneem aan robotika.

IS DIT 'N VAK WAT IN ALLE SKOLE AANGEBIED GAAN WORD?

Soos reeds genoem, word Laerskool Mikro nog nie verplig om robotika aan te bied nie, maar dit gaan in die nabye toekoms in ons skole infasseer. Daar is tans 'n paar skole wat inisiatief neem en die leerders vroegtydig wil blootstel. Meneer Henk Wichers en juffrou Thea Jordaan was ook deel van die Robotika-loodsprogram wat aangebied is deur die WKOD.



WIE GAAN ROBOTIKA BY LAERSKOOI MIKRO AANBIED?

Die onderwysers is opgelei om dit te doen, maar die pandemie het die taak nie vir ons makliker gemaak nie ... ons mag byvoorbeeld glad nie toerusting gedeel het nie. Dit is een van my drome dat Laerskool Mikro 'n gekwalifiseerde persoon kan aanstel om hierdie robotika-klas se volle potensiaal te bereik.

WAAROM IS ROBOTIKA 'N BELANGRIKE VAK OM AAN TE BIED?

Dit is 'n vak wat vir ons leer hoe om probleme op te los en hoe om krities te dink. Hierdie vaardighede is altyd goed om leerders se denke te stimuleer. Daar is ook baie praktiese elemente wat leerders leer hoe om met hul hande te werk en ook ander vaardighede laat ontwikkel.

WAAR GAAN DIE ROBOTIKA LESSE PLAASVIND?



Hierdie lesse sal hoofsaaklik in die klaskamer, die S.T.E.M.-klas of Inligtingsentrum plaasvind. Jy kan dit selfs by jou huis doen met gratis programme soos SCRATCH.

WATTER SOORT PROJEKTE GAAN GEDOEN WORD EN WAARVAN GAAN DIE LEERDERS LEER?

Die leerders los Wiskundige woordprobleme op met 'n hommeltuig ("drone") en hulle bouspesifieke aktiwiteite met LEGO WeDo 2.0. Die aktiwiteite sluit byvoorbeeld in 'n resieskar wat kan stop as hy 'n muur voor hom sien, 'n gogga wat beweeg as hy gekantel word deur jou hand of selfs 'n vuurtoring wat aangaan as dit 'n voorwerp sien. Robotika is baie gefokus op alledaagse probleme met alledaagse oplossings.

- deur Zea Plekker

Hier is 'n video van wat die kinders al in 2020 gedoen het: <https://youtu.be/2-T4kwj7mpQ>
Skandeer gerus die onderste QR-kode om die video oop te maak:





BLOUES KRAAI KONING BY KLEURESPOORT



TROFEE	NAAM VAN LEERDER	KLEURGROEP
★ JUNIOR VICTRIX LUDORUM	<u>Lindzay Manuel</u> D O/9	<u>Rooi</u>
★ JUNIOR VICTOR LUDORUM	<u>Joshua Barnard</u> S O/9	<u>Blou</u>
★ SENIOR VICTRIX LUDORUM	<u>Alison Chalmers</u> D O/13	<u>Blou</u>
★ SENIOR VICTOR LUDORUM	<u>Joshua Donohoe</u> S O/11	<u>Blou</u>
★ STEFAN DE VILLIERS Die <u>beste middellafstandleëter van die dag</u>	<u>Elani Theron</u> D O/11 1200m	<u>Geel</u>
★ DE KOCK – (seuns) Die <u>beste prestasie baan- en velditems</u>	<u>Jacobus Oberholzer</u> S O/12 75mH	<u>Rooi</u>
★ LOMBARD – (dogters) Die <u>beste prestasie baan- en velditems</u>	<u>Alison Chalmers</u> D O/13 Gewigstoot	<u>Blou</u>
★ ROCCO VAN ROOYEN Die <u>beste seunsprestasie werpnommers</u>	<u>Nicholis Grobler</u> S O/11 Gewigstoot	<u>Blou</u>
★ RONNIE DE BRUYN Die <u>beste dogtersprestasie werpnommers</u>	<u>Alison Chalmers</u> D O/13 Gewigstoot	<u>Blou</u>
★ WILLIE VAN ZYL Die <u>beste seunsprestasie spronge</u>	<u>Skye le Wack</u> S O/10 <u>Verspring</u>	<u>Rooi</u>
★ MARIE HURTER Die <u>beste dogtersprestasie spronge</u>	<u>Alison Chalmers</u> D O/13 <u>Verspring</u>	<u>Blou</u>



SPORTSTERRE



Krieketuitblinkers



JAY-C DIKKELA (GR. 6.4)

Jay-C, wie is jou rolmodel wanneer dit kom by krieket?

My afrigter van laasjaar is my rolmodel. Hy was die beste afrigter!

As jy ooit 'n wedstryd speel, hoe berei jy jouself voor?

Voordat ek begin, haal ek diep asem en probeer my gedagtes gefokus hou.

Is jy goed in boulwerk of in kolfwerk en wat is die meeste lopies wat jy al aangeteken het?

Ek is redelik goed in altwee.

My meeste lopies in een wedstryd was al 53.

Sal jy eendag vir die Protea's wil speel?

Ja, ek sal graag, maar ek het n ander droomwerk.

WILHELM BOTHA (GR. 5.4)

Wilhelm, wie is jou rolmodel wanneer dit kom by krieket?

My rolmodel in die algemeen is Quinton de Kock.

As jy ooit 'n wedstryd speel, hoe berei jy jouself voor?

Ek oefen baie tot reg voor ons begin speel.


Is jy goed in boulwerk of in kolfwerk en wat is die meeste lopies wat jy al aangeteken het?

Ek is baie goed in altwee en my persoonlike rekord van lopies is 26.

Sal jy eendag vir die Protea's wil speel?

Ja, baie graag. Hulle is my gunstelingspan.

- deur Janco Olivier



MIKRO SPORTSTERRE BLINK UIT!

Stoeikampioene

Dewet Pienaar (Gr. 4.1) en Dantri Pienaar (Gr. 3.4) het albei gekwalifiseer om die Westelike Provinsie tydens die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe in Pretoria op 6 Oktober 2021 te verteenwoordig. Dewet het tydens die Kampioenskappe 'n 5de plek in die O/10 Vrystylafdeling behaal en Dantri het tydens die Kampioenskappe in die O/9 Vrystylafdeling tot by die tweede rondte gevorder.

Die volgende leerders het tydens die W.P. Stoeikampioenskappe, wat op Saterdag, 4 September 2021 by die Wynberg Militêre Basis aangebied is, pragtig presteer:

- ANRICH DE BOD O/7 Vrystyl O/24.1kg 2de – SILWER
- AJ WEYERS O/7 Vrystyl O/24.1kg 3de – BRONS
- DANTRI PIENAAR O/9 Vrystyl O/31.7kg 2de – SILWER
- JOVAN DE BOD O/9 Vrystyl O/31.7kg 3de – BRONS
- KIAN BOTES O/9 Vrystyl O/31.7kg 4de – BRONS
- DE WET PIENAAR O/10 Vrystyl O/36.7kg 3de – BRONS
- HANDRÉ VAN WYK O/10 Vrystyl O/49.2kg 2de – SILWER
- STIJN PIENAAR O/13 Vrystyl O/52.9kg 2de – SILWER



Hip-hop dans

Carla Hattingh (Gr. 7) het tydens die Nasionale Hip-hop Kampioenskappe in September goud in die duo-afdeling verwerf. Hiermee het sy gekwalifiseer om Suid-Afrika by die Internasionale Hip-hop Kampioenskappe te Agen, Frankryk vanaf 25 – 27 November 2021 te verteenwoordig.



Gimnastiekkampioene

Wes-Kaap Gimnastiekkampioenskappe:

Nica de Villiers (Gr. 4.4) het op Saterdag, 16 Oktober 2021 in Saldanha aan die Wes-Kaap Gimnastiekkampioenskappe deelgeneem. Sy het deelgeneem aan vlak 3 in die O/9 - O/10 kategorie. Sy het 'n hoog silwer toekenning ontvang en dit plaas haar 10de in haar kategorie vir alle distrikte.

Suid-Afrikaanse Gimnastiekkampioenskappe 2021:

Danika Swift (gr.5.2) het op Vrydag, 9 Oktober 2021 as deel van die Wes-Kaap gimnastiekspan aan vlak 4 (10 jr) WAG (Womens Artistics Gymnastics) by die Suid-Afrikaanse Gimnastiekkampioenskappe te Matsport Centre, Centurion deelgeneem. Sy het 'n algehele 13de plek uit 90 gimnaste (uit 7 provinsies) behaal. Sy was ook die tweede beste presteerder van die Wes-Kaapspan.

Miné de Villiers (gr.6.3) het vanaf 1 – 9 Oktober 2021 te Pretoria die Wes-Kaap gimnastiekspan by die Nasionale Kampioenskappe verteenwoordig. Sy het aan die O/11 vlak 4-afdeling deelgeneem en het 28ste uit 90 gimnaste geëindig.

Nicola Swift (gr 2.4) het op Saterdag, 16 Oktober 2021 aan die Wes-Kaap Gimnastiekkampioenskappe (vlak 2 O/8) deelgeneem. Sy het goud in haar afdeling verower en 'n algehele 2de plek behaal (uit 6 distrikte).



Boogskiet

Cobus Schreuder (gr. 6.4) is in die Wes-Kaap Boogskietspan vir laerskole opgeneem. Hulle het op Vrydag, 24 September 2021 aan die Interprovinsiale toernooi en die Nasionale Kampioenskappe deelgeneem.





GRAAD 4

FANTASIEVERHALE TOT NUUSBERIGTE



Die Graad 4's het in die vierde kwartaal die geleentheid gekry om 'n kreatiewe mondeling te skryf oor die navorsingstake wat hulle in kwartaal 3 voltooi het.


Graad 4.1:

Ruwayne Isaaks
Simon Viljoen
Claire Abrams





Graad 4.2:

Mignon
Kotzenburg
Liam Beukes
Leila Bester




Graad 4.3:

Ewan vd Merwe
Cooper Luttig
Handré van Wyk



Graad 4.4:

Xia du Toit
Jayden van Rooyen
Trischa Mouton





KULTUUR

REDENAARS



"Môre se leiers het goud in die mond."

Daar is verskeie kompetisies waar sosiale vaardighede die afgelope jaar geslyp was. Dit het begin by die ATKV, daarna Oppie Tong Af, Podiumpret en Eisteddfod. Met die aanbreek van 2021 het leerders die geleentheid ontvang om aanlyn deel te neem en nuwe vaardighede is ook so ontwikkel. Opnames van die leerders se toesprake is gemaak en op die ATKV se webblad gelaai. Mikro is uiters trots op elke leerder se waagmoed om hulself op so 'n vlak bloot te stel. Alle graad 3 tot 7 redenaarsleerders het ook deelgeneem aan Oppie Tong Af se kompetisie. Hierdie kompetisie het plaasgevind d.m.v. regstreekse uitsendings. Mikro se leerders het die tegnologie uitstekend bemeester en als het goed verloop.

Uitslae is as volg:

Graad 3: Zoë Boer 87%, Carly Coertzen 82%, Jana Lerm 84%, Chloë Blommart 84%, Maria van der Merwe 87%

Graad 4: Mickey Muller 90%

Graad 6: Zea Plekker 87%, Christine Kingsley 86%, Faith Boer 85%

Graad 7: William Graham 89%, Mila van den Berg 77%

Deelname aan Podiumpret was ook 'n geleentheid om te ontwikkel, aangesien daar na elke ronde opbouende kommentaar deurgegee word wat die leerders kon help verbeter voor die volgende rondte. Daar het 12 van ons leerders aan die kompetisie deelgeneem. Elke leerder moes 'n opname maak van hulle toespraak en dit is ingestuur vir die eerste rondte van die kompetisie. Aangesien dit 'n aanlynweergawe van die kompetisie was, is alle leerders deur na die semi-finaal. Mikro se leerders het uitstekend presteer. Drie van ons leerders is as graadwenners in die Wes-Kaap aangewys, naamlik:

William Graham is aangewys as graad 7-wenner.

Mickey Muller is aangewys as graad 4-wenner.

Zoë Boer is aangewys as graad 3-wenner

Ons is uiters trots op elkeen van hulle!

Carla Hattingh en William Graham het ook hierdie jaar Mikro verteenwoordig by 'n interskole Redenaarskompetisie wat aangebied was by die Taalmonument in die Paarl. Dit was die enigste keer die jaar wat hul die geleentheid ontvang het om hul toesprake voor 'n lewendige gehoor te lewer. Van ons leerders het ook deelgeneem aan Fanie Malan Aanlynkunstefees. Ons leerders het pragtig presteer in die kompetisie. Christine Kingsley behaal Goud, Faith Boer 'n dubbel silwer en Carla Hattingh en Zoë Boer behaal albei 'n silwertoeëkenning. 10 van ons leerders het deelgeneem aan Tygerberg Eisteddfod waar hul ook gespog het met hul talente tydens die voorbereide toesprake met hul talente gespog het. Mikro presteer uitstekend en behaal 3 hoogste lof, 5 lof en 2 eervolle vermelding toeëennings. Baie geluk aan elkeen van die leerders. Ons redenaars is verseker trotse ambassadeurs van ons skool.

- deur Christine Kingsley



Zoë Boer



Mickey Muller



William Graham

KULTUUR

EISTEDDFOD

"Talente word nie onder 'n maatemmer weg gesteeek nie"

Leerders neem jaarliks aan die Tygerberg- asook Stellenbosch Eisteddfod deel. Inskrywings word in verskeie afdelings gedoen. Die kunsleerders het die jaar vir die eerste keer ook aan Stellenbosch se Eisteddfod deelgeneem en het agter die skerms met hul talente gewoeker en die geleentheid ontvang om met hul kunswerke te spog.

Leerders het hierdie jaar hul kreatiewe vlerke op 'n digitale platform gesprei. Die kunste het vir seker nie teruggestaan vir COVID-19 nie. Leerders het hard geoefen en hul optredes is opgeneem en op die Tygerberg Eisteddfod se webtuiste gelaai. Daar was in totaal 194 inskrywings. Mikro se leerders het deelgeneem aan sang, gedigte, prosa, redenaars, skrif asook kuns. Mikro het uitstekende uitslae behaal. 27 leerders het hoogste lof toekennings ontvang, 117 lof, 47 eervolle vermelding en 3 meriete toekennings.

Ons wil graag die volgende leerders uitlig wat hoogste lof behaal het in hul onderskeie items.

Sang voorgeskrewe: Dané Mouton, Nikha du Preez, Zian Kotze, Rikus Hansen, Erhardt Smith

Sang eie keuse: Dané Mouton, Lisa-Mari Matthee, Matthew Geldenhuys, Zian Kotze, Logan Burnard

Gedigte: Tatiana de Sousa, Leah Hickman, Melanie Engelbrecht, Daniël van Rensburg, Luca Brunett, Charl Kingsley, Zian Kotze, Sebastian Karsten

Prosa: Mignon Kotzenberg, Zea Plekker, Arno du Plessis, Divan Burger

Redenaars: Mickey Muller, Zea Plekker, William Graham

Kuns: Mianca Ollewagen, Ruan Jonker

Baie geluk aan Mianca Ollewagen met haar uitsonderlike prestasie om as Trofee Wenner in haar afdeling aangewys te word vir haar stillewe.

Die kunsleerders het ook aan die Stellenbosch Kunswedstryd deelgeneem en het uitstekend presteer.

Zané Ferreira (Gr. 6) en Emma Mostert (Gr. 6) ontvang beide Cum Laude vir hulle besonderse stillewe-kunswerke. Mikro verwerf verder 3 Goud Plus, 4 Goud, 2 Silwer Plus en 1 Silwer. Hartlik geluk!

Mikro is uiters trots op elke leerder wat deelgeneem het en die waagmoed gehad het om hul talente met die wêreld te deel.

-- deur Christine Kingsley





GRAAD 7



WAAR LEIERS ONTDEK WORD!





Na 40 jaar groet juf. Gloudina vir Mikro

Juffrou Gloudina was vir 41 jaar Mikro se musiekjuffrou. Sy was 'n musiekkenner van formaat en het baie leerders se liefde vir musiek aangewakker. Haar blokfluit- en klavierleerders het hoë hoogtes bereik en verskeie toekennings ontvang by Eisteddfodoptredes. Juffrou Gloudina was ook vir baie jare die afrigter van die Junior Koor. Dié koor spog met 'n hele aantal bekere wat hul onder haar leiding verower het. Hierdie Mikro-juffrou met die breë glimlag en omgeehart gaan beslis gemis word by veral musiekaangeleenthede en Mikro-konserte. Ons wens haar 'n wonderlike aftrede toe saam met haar man, kinders en kleinseun, Tyan. - deur Juf. Thea Visser





Visuele Kunste

